**God se doel met die skepping**

**Gen 1:1-31**

**12 Maart 2023**

1. Vantevore: Doel met bestudering van Genesis. Genre van Gen 1: “exalted prose narrative”. Doel van Gen 1: dat God die Skepper is en God se doel met dele van die skepping.
2. Ses skeppingsdae: God se doel met verskillende dele in Sy skepping (Gen 1:1-31)
    a. Skeppingsdae 2 tot 6 begin telkens met “God het gesê”, dus begin dag 1 in Gen 1:3
    b. Gen 1:1-2 is nie opsommende openingstelling nie – aan einde van skeppingsweek was die aarde nie woes, leeg, donker en bedek met water nie
    c. Gen 1:1-2 gaan die skeppingsweek vooraf
    d. Reëlmatige patroon in skeppingsdae: (1) “God het gesê” (2) “Dit het so gebeur” (3) addisionele inligting (4) God het gesien dit is goed (5) soms meer as een skeppingshandeling (6) Dit was aand en dit was oggend, ‘n .....ste dag
    e. Op dae 1-3 vind skeiding plaas
    f. Op dae 4-6 ontvang skepsels elk ‘n opdrag:

| Dag | Gebeure | Dag | Gebeure | Doel/Opdrag |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Skeiding van lig en donker / dag en nag | 4 | Son, maan, sterre | Heers oor dag en nag, jare en seisoene |
| 2 | Skeiding van water bo die gewelf (hemel) en water onder die gewelf | 5 | Voëls en seediere | Vermeerder en vul die hemel en die water onder die gewelf |
| 3 | Skeiding van droë aarde en see<br><br>Skep van plante | 6 | Landdiere, mens | Vermeerder en vul<br>Onderwerp die aarde<br>Heers oor die diere<br>Plante dien as kos |

    g. Let op verwantskappe tussen: dag 1 en 4, dag 2 en 5, dag 3 en 6
    h. God as Skepper vervul heersersrol en ‘n “vulrol” – die mens moet dieselfde rolle vervul – hulle is God se beeld
3. Die verband tussen Genesis 1:1-2 en die ses skeppingsdae
    a. Gen 1:2 sê aarde was woes, leeg, donker, onder water: Dag 1 spreek donker aan, dag 2 en 3 spreek woes en onder water aan, dae 4-6 spreek leegheid aan
    b. Ontwikkelingslyne deur die Bybel:
        - Voor dag 1: donker. Na dag 1: lig en donker, na dag 4: son en maan om lig te gee, OT: spanning tussen lig en donker, NT: Jesus is die Lig, Nuwe Jerusalem: net lig
        - Dag 2: God skei hemel en aarde, God woon in hemel (Jes 66:1), wil by volk woon (Eks 25:8), OT: tabernakel is skakel tussen hemel en aarde, NT: Jesus en Heilige Gees is skakel tussen hemel en aarde (Jes 7:14, Mat 1:23), Nuwe Jerusalem: God kom by ons woon (Op 21:3)
        - Dag 3: God skep see, see geassosieer met bose, God se oordeel (Gen 6-9, Eks 14, Dan 7), Nuwe Jerusalem: geen see (Op 21:1)
        - Dae 4-6: God begin vul, diere en mens moet verder vermeerder en vul (vgl Jes 45:18), al die skepsels moet God verheerlik – dan sal aarde gevul wees met God se heerlikheid (Ps 72:18-19)
    c. Opsommend: Dae 1-3: God maak aarde woonbaar, dae 4-6: God begin vul, skepsels moet verder vul – sodat God se heerlikheid die aarde kan vul